

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Lourens NO v Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd. (1/86) [1986] ZASCA 1 (25 February 1986) [1986] ZASCA 1

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Jansen, Kotzé, Trengove, Hefer, Boshoff

CASE / FILE NUMBER

1/86

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÊLAFDELING) In die saak tussen: MARTHINUS
JOHANNÉS LOURENS NO Appellant

en

COLONIAL MUTUAL LIFE ASSURANCE Respondent

SOCIETY LTD

Coram: Jansen, Kotzé, Trengove, Hefer et Boshoff, ARRVerhoordatum: 10 September

1985Leweringsdatum: 25 Februarie 1986

UITSPRAAKBOSHOF AR

Hierdie/

1.

Hierdie appèl gaan oor die vertolking entoepassing van 'n uitsonderingsvoorwaarde ten opsigte van bykomende ongevallevoordele in 'n lewensversekerings-fpolis.

Johannes J Vorster het op 1 Junie 1980 die polis uitgeneem by die respondentmaatskappy en is op

16 Junie 1981, terwyl die polis nog van krag was, oorlede in 'n motorbotsing op die openbare pad tussen Heidelberg en Nigel, Transvaal. Nadat die respondent aanspreeklikheid ingevolge die polis gerepudieer het, het die eksekuteur in Vorster se boedel, nou die appellant, 'n aksie in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling ingestel vir die versekerde bedrag van R30 000. Die verhoorhof het die respondent se verweer

wat/

wat gebaseer was op die voornoemde uitsonderings-
voorwaarde gehandhaaf en die appellant se eis van
die hand gewys met koste.

Die soort ongeval waarby 'n ongevalle-voordeel onder die polis betaalbaar is, word as volg omskryf:

"Liggaamlike besering van die versekerde lewe veroorsaak alleenlik en regstreeks deur 'n geweldadige, uitwendige en sigbare ongeluk wat plaasvind na die aanvang van hierdie voordele welke besering regstreeks en los van alle ander oorsake binne neëntig dae na die datum waarop die liggaamlike besering opgedoen is, lei tot 1. dood of 2 of 7 " (die gevolge genoem in 2 tot en met 7 verwys na verskillende soorte ongeskiktheid wat nie nou tersake is nie)

Dit is gemene saak tussen die partye dat
ons in hierdie saak te doen het met 'n ongeval wat
aan/

3.

aan hierdie omskrywing voldoen. Die uitsonderingsvoorwaarde wat ter sake is verskynas volg in die polis:

"Voorwaardes

1. Uitsonderings en beperking van risiko
- (i) Hierdie voordele omvat of dek nie be-sering of dood nie wat uitsluitlik of gedeeltelik, regstreeks of onregstreeksveroorsoak is:
- (d) têrwyl die versekerde lewe die straf-reg oortree behoudens en behalweenige optrede wat 'n oortreding is slegs omdat dit 'n skending uitmaak van diereëls met betrekking tot die diens-voorwaardes van die versekerde lewe.

"

4. Hierdie klousule l(i)(d) in die uitson-
deringsvoorwaarde is deur die verhoorhof toegepas

op die volgende stel feite. Die voornoemde Vorster, die versekerde lewe onder die polis, het op die betrokke dag met sy Cortina-bakkie van oos na wes gery op die Nigel na Heidelberg-pad. Die pad gaan deur 'n duik en in die duik gaan dit onder 'n brug deur. In die duik is die totale breedte van die teeroppervlakte van die pad ongeveer 8 meter. Die pad dra verkeer in beiderigtinge en daar is 'n spoorstreep wat die twee rybane in die middel verdeel. 'n Sekere Setshanga het 'n meganiese perd en sleepwa bestuur vanaf Heidelberg na Nigel, dit wil sê in die rigting van wes na oos.

sy/

5. Sy sleepwa was swaar gelaai met 'n vrag van 25 ton.

Hy het op sy korrekte kant van die pad gery en toe

hy die duikweg onderdeur die brug nader het 'n

Mercedes Benz meganiese perd en sleepwa van voor af

aangekom, dit wil sê vanaf Nigel in 'n rigting van oos na wes. Die Cortina-bakkie het ook van voor aangekom en langs die Mercedes-voertuig gery. Die Cortina-bakkie was op sy verkeerde kant van die pad. Setshanga het die remme van sy voertuig aangeslaan effens links geswenk maar voordat hy kon stilhou het die Cortina-bakkie kop-aan-kop met sy voertuig gebots in die middel van Setshanga se korrekte kant van die pad. Hy kon nie met sy voertuig skerp swaai aangesien dit die gevolg kon hê dat die perd en

die/ 4.

die sleepwa opvou. Die bestuurder van die Mercedes-voertuig het nie na die botsing stilgehou nie. Vanaf die punt van botsing strek die spoorstreep vir 5 km oos en vir 1 km wes. Die botsing het teen 'n hoogte uit die duik uit plaasgevind waar Vorster se uitsig vir aankomende verkeer versper was.

Die verhoorhof het bevind en dit word nie bestry nie dat Vorster die strafreg oortree het indie volgende opsigte. Hy het (a) art 109(4) van die Padverkeerordonnansie van Transvaal (Ordonnansie 21 van 1966) oortree deur op 'n openbare pad die Mercedes-voertuig wat in dieselfde rigting gegaan het verby te steek toe hy die kruin van 'n bult genader het waar sy uitsig vir aankomende verkeer so beperk

was/

7. was dat sy verbystek 'n gevaar vir sulke aankomende

verkeer was; (b) art 109 (6) oortree deur op 'n

openbare pad toe hy op die punt gestaan het om

f'

die naderende voertuig van Setshanga verby te steek aan sy verkeerde kant van die pad te ry en sodanige aankomende voertuig in gevaar te stel; (c) art 138(1) oortree deur die Cortina-bakkie op 'n openbare pad roekeloos of nalatig te bestuur. (Die woord roekeloos sluit hier ook in opsetlike en moedswillige verontag-saming van die veiligheid van persone of eiendom; kyk art 138(2)); (d) art 139 oortree deur op 'n openbare pad 'n voertuig te bestuur sonder redelike inagneming van ander padgebruikers. (e) regulasie 166 gelees met regulasie 182 van die Padverkeersregulasies oortree deur aan die regterkant van die spoorstreep te ry terwyl

dit/

8. dit onveilig was om dit te doen. Namens die appellant is in die verhoorhof betoog dat die polis beperkend uitgelê moet word om nie oortredings van die Padverkeerordonnansie of kriminele oortredings wat spruit uit die bestuur van 'n motorvoertuig in te sluit nie, en alternatiewe-lik, om alleenlik opsetlike oortredings onder die begrip "strafreg" in te sluit. Die verhoorhof het hierdie betoog verwerp en beslis dat die woorde "strafreg oortree" hulle gewone alledaagse betekenis gegee moet word en dat daar onvoldoende rede bestaan om die woorde te beperk tot sekere kriminele oortredings soos byvoorbeeld opsetlike oortredings. Die verhoorhof het gevolglik tot die

slotsom/

9. slotsom gekom dat Vorster se optrede neergekom het

op oortreding van die strafreg in die sin waarin

die woorde in klousule 1 (i)(d) gebruik word en

dat die appellant nie 'n verhaal onder die polis het

nie.

Die appellant kom nou in hoër beroep teen

hierdie vertolking van klousule 1(i)(d) en die toe-passing daarvan op die feite van hierdie geval.

Mnr Doctor, namens die appellant, betoog in hoof-

saak dat die woorde "strafreg oortree" in die verband waarin hulle gebruik word, nie hulle gewone en alledaagse betekenis kan hê nie want dit gee aan klousule 1(i)(d) 'n gevolg wat so absurd en onbestaanbaar is dat dit die hele doel van die versekering onder die polis verydel.

Volgens/

10. Volgens hom bring so 'n betekenis van die woorde

mee dat waar 'n versekerde in 'n ongeluk omkom of ongeskik

raak terwyl hy die strafreg oortree hy sy dekking onder

die polis verbeur ongeag die tersaaklikheid, aard of

omvang van die oortreding. Hy lig sy betoog toe met

die volgende voorbeelde: waar 'n versekerde sterf of

ongeskiktheid opdoen as gevolg van beserings veroor-

saak in 'n ongeluk wat gebeur het terwyl die versekerde

in stryd met die strafreg in gebreke gebly het om sy televisielisensie te betaal of verkeerd

geparkeer het of deelgeneem het aan 'n onwettige staking verloor hy

sy voordele onder sy polis; waar 'n versekerde in strydmet die strafreg 'n ongeoorloofde aantal krewes agter insy motorkar se bak vervoer of vleis vanuit een beheerde

gebied/

11.

gebied na 'n ander beheerde gebied in sy motorkar

vervoer en hy raak betrokke in 'n botsing met 'n

dronk bestuurder word hy nie gedek onder sy polis

nie. Volgens mnr Doctor moet hierdie absurdegevolg vermy word deur 'n beperkende vertolking op die woorde "strafreg oortree" te plaas. Wat die vertolking moet wees, kan volgens hom vasgestel word deur na die rede waarom so 'n polis uitgeneem word, te kyk. Hy gee in oorweging dat hierdie soort polis by die gewone man wat dit uitneem die indruk skep dat hy gedek sal wees, afgesien van enige ander soortdekking wat deur die polis verskaf word, indien hy in 'n motorbotsing betrokke sou raak. Om hierdie oogmerk

nie/

12. nie deur onsinnighede te laat verrydel nie moet die woorde "strafreg oortree" dus vertolk word dat die woord "strafreg" nie verkeersoortredings en die woord "oortree" nie nalatige oortredings insluit nie. Dit word ook aan die hand gedoen dat die woorde beperk moet word om slegs na gemeenregtelike misdade te verwys.

Inderdaad steun hierdie betoog geheel en al op die teenwoordigheid en die gebruik van die voegwoord "terwyl" in klousule 1(i)(d). Volgens mnr Doctor dui dit op 'n tydskuur. Hy verwys na klousule 1(i)(g) waar die woord "terwyl" ook gebruik word en onteenseg-

lik dui op 'n tydskuur. Die uitsonderingsvoorwaarde geld daar "terwyl die versekerde lewe buite die grens is van

die/ 13. die Republiek van Suid-Afrika." Hy verwys ook na die ander klousules naamlik 1(i)(a), (b), (c), (e) en (f) waar die uitsonderingsvoorwaarde geld wanneer die dood of ongeskiktheid "deur" die omstandighede daarin genoem veroorsaak word. Die woord "deur" word daar gebruik om 'n oorsaaklike verband tussen die beserings en die omstandighede wat in die klousules genoem word aan te toon. Mnr Griessel, namens die respondent, daarenteen argumenteer dat die woorde "terwyl die versekerde lewe die strafreg oortree" duidelik en ondubbelsinnig is en dat aan hulle hulle gewone, alledaagse en letterlike betekenis gegee moet word. Hy gee toe dat die woord "terwyl" 'n tyd en nie 'n oorsaaklike betekenis inhoud

het/

14. het nie maar volgens hom maak dit nie saak dat so

'n uitleg in sekere omstandighede tot 'n absurditeitmag lei nie want gevolg moet gegee word aan die

duidelike en ondubbelsinnige bepalings van die kon-trak wat deur die partye aangegaan is. Dit is nie die funksie van die hof om met die uitleg van 'n kon-trak, die kontrak te herskrywe of te verander slegs omdat dit billik sou wees om dit te doen nie. Die ongevalle voordele is ten opsigte van ongevalle wat nie tot motorongelukke beperk is nie en volgens mnr Griessel kan dit dus nie betoog word nie dat die vertolking van die betrokke woorde volgens hulle gewone alledaagse betekenis sal lei tot 'n gevolg wat so

sinneloos is dat dit die hele doel van die versekering

onder/...

15. onder die polis sal verydel nie.

Aangesien ons nou hier te doen het met die vertolking van 'n polis is dit nie onvan-pas nie om as vertrekpunt kortliks te let op die beginsels wat hier van toepassing is. Omdat onse doen het met 'n kontrak geld die gewone reëls van uitleg wat by kontrakte geld. In die saak *Scottish Union & National Insurance Co Ltd v Native Recruiting Corporation Ltd* 1934 AD 458 op bladsye 465 tot 466 wys Hoofregter Wessels daarop dat die hof, met die uitleg van 'n kontrak, moet vasstel wat die partye tot die kontrak beoog het en daarteen moet waak om in die

proses/ 16. proses van uitleg nie self 'n kontrak vir die partye

te maak nie. Die Hoofregter verklaar voorts as volg:

"We must gather the intention of the parties from the language of the contract itself, and if that language is clear, we must give effect to what the parties themselves have said; and we must presume that they knew the meaning of the words they used. It has been repeatedly decided in our Courts that in construing every kind of written contract the Court must give effect to the grammatical and ordinary meaning of the words used therein. In ascertaining this meaning, we must give to the words used by the parties their plain, ordinary and popular meaning, unless it appears clearly from the context that both the parties intended them to bear a different meaning. If, therefore, there is no ambiguity in the words of the contract, there is no room for a more reasonable interpretation than the words themselves convey. If, however, the ordinary sense of the words necessarily leads to some absurdity or to some repugnance or inconsistency with the rest of the contract, then a Court may modify the words just so much as to avoid that absurdity

or/

17. or inconsistency but no more."

In die saak van *Gravenor v Dunswart Iron*

Works 1929 AD 299 op bladsy 303 stel Stratford AR

die beginsel as volg:

"A primary rule of construction is that

words are to be given their ordinary and natural meaning. But the qualification to that rule is equally well established, namely, that if to give words their ordinary meaning would lead to an absurdity or to something which, from the instrument as a whole it can clearly be gathered the parties could not have intended, then a Court of Law is justified in departing from the literal meaning of words so as to give effect to the true intention of the parties."

Die polis wat vertolk moet word is 'n lewens-polis met ongevallevoordele. Die risiko waarteen indie ongevallevoordele-gedeelte daarvan verseker word is die moontlikheid van dood of ongeskiktheid weens

18/

18. beserings veroorsaak deur 'n ongeval. Omdat dit nodig

is om uit die betekenis van die woorde in die konteks

waarin hulle gebruik is die bedoeling van die partye

vas te stel, moet daar eers gekyk word waarom dit

alles gaan wanneer 'n polis uitgeneem word.

In die Versekeringsreg is die woord "ongeval"

moeilik om te definieer en word dit in sy gewone en

alledaagse betekenis gebruik om 'n toevallige ongesogte. ongeluk of 'n teenspoedige gebeurtenis wat nie verwag

of beoog word nie, aan te dui: Gordon and Getz, The

South African Law of Insurance, 3de uitgawe bladsye

450, 478 -479; Mac Gillivray & Parkington, On Insurance

Law, 7de uitgawe bladsy 735 par 1761 en 1762;

Colinvaux, The Law of Insurance 5de uitgawe bladsy 3

par/

19. par 1 - 01; Ivamy, Personal Accident, Life and other

Insurances, 2de uitgawe bladsy 14. 'n Ongeval in

hierdie sin is die gevaar (peril) wat prognosties

gesien die moontlikheid van nadeel wat algemeen bekend staan as risiko inhou. Spesifieke versekerings-kontrakte berus normaalweg op 'n behoorlike deurdagteprognose. Die grootte van die premie neem toe met die omvang van die risikodekking. 'n Spesifieke risiko kan alleen bevredigend beraam word as die gevaar wat daarmee saamhang in ag geneem word. Vir die intrede al dan nie van 'n gevaar is op hulle beurt verskillende omstandighede relevant en hulle kan van uiteenlopende aard wees. Identifisering van hierdie omstandighede dien om die kontraktante in staat te stel om die

presiese/

20.

presiese omvang van die gewenste risikodekking te beraam. Die beraming kan afgerond word met behulp van kwalifikasies oor tyd en plek asook deur beperking van die omvang van die versekeraar

se prestasie. Die inperking en kwalifisering van 'n besondere risiko kom gewoonlik tot uitdrukking

in die risiko-omskrywende en uitsluitende bedinge

in die betrokke versekeringskontrak: kyk Die Juridiese Versekeringsbegrip met besondere verwysing na die risiko, van S W J van der Merwe, bladsye 283 tot 285.

Omdat ongevallen wat moontlike nadeel kan inhou in soveel vorms kan voorkom, het die partye in die onderhawige polis die soort ongeval ten opsigte

waarvan/

21.

waarvan die versekeraar die risiko van die versekerde oorneem spesifiek omskryf. Die gedeelte wat op die oomblik ter sake is, is liggaamlike besering veroorsaak alleenlik en regstreeks

deur 'n geweldadige, uitwendige en sigbare ongeluk welke besering regstreeks en los van alle ander oorsake binne neëntig dae na die datum waarop die

liggaamlike besering opgedoen is, lei tot dood of die een of ander vorm van ongeskiktheid wat in paragrafe 2 tot 7 genoem word. Nadat die partye al-dus die gebeure of ongeval ten opsigte waarvan die versekeraar dekking bied en dus die risiko oorneem omskryf het, het die partye ooreengekom op voorwaardes.

In klousule 1 word daar verwys na uitson-
derings/

22.en beperking op risiko. Dit kan alleen betrekkinghê op die omskrewe ongeval en die beserings watdaardeur veroorsaak word want anders sou die uit-sonderings en beperking nie nodig wees nie. Dieklousule lui as volg:

"Hierdie voordele omvat of dek nie besering of dood nie wat uitsluitlik of gedeeltelik, regstreeks of onregstreeks veroorsaak is", en dan volg paragrawe (a) (b) (c) (d) (e)

(f) en (g). Paragrawe (d) en (g) lui as volg:

"(d) terwyl die versekerde lewe die strafreg oortree behoudens en behalwe enige opr trede wat 'n oortreding is slegs omdat dit 'n skending uitmaak van die reëls met betrekking tot die diensvoorwaardes van die versekerde lewe;

(g) terwyl die versekerde lewe buite die grens

is van die Republiek van Suid-Afrika (inslui- tend enige Staat wat onafhanklik is van sodanige Republiek waar sodanige Staat onmiddellik voor onafhanklikheid 'n deel

van/.....

23.

van die Republiek vorm of gevorm het), Suidwes-Afrika, Rhodesië, Zambië, Malawi, Lesotho, Botswana, Swaziland, Australië, Nieu-Zeeland, Fiji en Europa behalwe terwyl die versekerde lewe langs direkte roete, behalwe te pad, reis tussen enige twee van die voornoemde lande." Die hoofgedeelte van die klousule verwys nie

direk na die omskrewe ongeval of enige ander gebeurteniswat die beserings of dood veroorsaak nie. In paragraaf

(g) is daar ook nie enige verwysing na so iets nie. Inparagraaf (d) is die posisie dieselfde as die woorde

"terwyl die versekerde lewe die strafreg oortree"vertolkword as 'n gebeurtenis wat slegs deur tyd verbind worden nie betrekking het op die veroorsaking van die beseringof dood nie.

Die/

24.

Die voegwoord "terwyl" beteken "gedurendedie tyd dat, solank, onverwyl": Kernwoordeboek vanAfrikaans, van de Villiers, Smuts en Eksteen, sv"terwyl" en H A T van Odendal, Schoonees, Swanepoel,du Toit en Booysen, sv "terwyl". Die woord het 'n tyds-betekenisinhoud en die gebruik daarvan in paragrawe (d)en (g) dui op 'n tydsbestek of tydsduur. Soos reeds hier-bo gemeld kan risikodekking met kwalifikasies oor tyd en

plek/

25. plek afgerond word en dit is wat die partye klaar-

blyklik in paragraaf (g) gedoen het.

In paragraaf (d) is die tydsbestek of tyds-

duur terwyl die versekerde lewe die strafreg oortree.

Dit is nie duidelik wat die doel van die uitsluiting

in die laaste gedeelte van paragraaf (d) is nie. Volgens die dekbrieff tot die polis is die voorstel enverklaring, persoonlike verklaring en bykomende verklarings, indien enige, wat deur die versekerde tenopsigte van die polis ingedien is, tesame met die polisdie algehele poliskontrak. In die voorstel en persoonlike verklaring van die versekerde antwoord hy vraewat die versekeraar beantwoord wil hê en wat belangrikeinligting behels in verband met gevaarsomstandighede

en/

26.

en risiko-omstandighede wat die versekeraar moetweet om hom in staat te stel om die nodige dekkingonder die polis en die premie te bepaal. Hierdie stukke is nie voor die hof geplaas nie en mag miskienbetrekking hê of lig werp op die uitsluitel en dierede waarom dit in die polis verskyn. In die saakvan Nathan N 0 v Ocean Accident & Guarantee CorporationLtd 1959(1) SA 65 (N) op bladsye 72 - 73 was inligtingwat so in die voorstel en persoonlike verklaring aan dieversekeraar verstrek was deurslaggewend vir die be-slissing van die hof ten aansien van 'n besondere gedeeltevan die saak. Die hof het bevind dat die inligting watso verskaf was die versekeraar in staat gestel het omdie risiko te beraam en om ook van die ander bepalinge

van die/

27. van die polis vas te stel. Hoe dit ook al mag wees,soos die uitsluitel in die paragraaf voorkom is ditmoeilik met die inligting tot ons beskikking om dit

te begryp of om enige iets daarvan te maak. Indien dit enige iets mag aandui, mag dit 'n geringe aandui-ding wees van die draagwydte van die woord "strafregoortree". Strafreg is "die gedeelte van die publieke reg wat aangee watter feite strafbaar is en watterstrawwe daarop toegepas moet word": HAT sv strafreg. Volgens die Kernwoordeboek van Afrikaans, sv strafreg, is dit "wetsbepalinge wat strawwe vir oortredings voor-skryf, kriminele reg."

28.

Die gebruik van die woord "terwyl" in uit-

sonderingsvoorwaardes in polisse is nog nie in ons

howe oorweeg nie. In Engeland in die saak van Louden v British Merchants Insurance Co Ltd 1961(1) All E R

705 (QB) het die hof die geleentheid gehad om 'n uit-

sonderingsvoorwaarde wat in 'n private motorvoertuig-polis voorgekom het, te vertolk. Die voorwaarde het die versekeraar se aanspreeklikheid uitgesluit ten opsigte van liggaamlike besering "sustained whilst under the influence of intoxicating liquor." Al wat die hofin verband met "whilst" gesê het was die volgende:

"There remains the question of the construction in its context of the word "whilst". In my judgment, it has a temporal meaning, and I am unable to read into the exemption clause any requirement of a causal connection between the

bodily/\

29.

bodily injury sustained and the state of being under the influence of intoxicating liquor."

In Australië in die saak van Absalom v United ,

Insurance Co Ltd 1932 V L R 494 was aanspreeklikheid

uitgesluit ten opsigte van:

"injuries sustained while the insured is by intoxicating liquors, narcotic drugs, etc rendered less capable of taking care of himself or by or while performing any unlawful act."

Die hof het beslis dat die woord "while" hier "a temporal and not a causal connotation" het.

In Kanada in die saak van Givens v Baloise Marine Insurance Co Ltd (1959) 17 D L R (2d) 7 moes die appèlhof die woorde "from the insured's use of intoxicating liquor or narcotics or while the insured

is/

30. is under the influence thereof or affected thereby"

in 'n uitsonderingsvoorwaarde vertolk. Die meerder-

heid van die hof het beslis dat die woord "or" hier

disjunktief gebruik word en dat die laaste gedeelte

as losstaande vertolk moet word; dat "while" "during

the period of time" beteken en dat dit 'n algemene praktyk is om die werking van 'n polis op te skort terwyl die versekerde 'n sekere gedragslyn volg of gedurende 'n bepaalde tyd soos byvoorbeeld terwyl die versekerde onder die invloed van sterk drank of 'n verdowingsmiddel is. In sulke gevalle waar die taal wat in die polis gebruik word duidelik is, is dit nie nodig om 'n oor-

saaklike verband tussen die bedwelming en die ongeval, besering of dood te bewys nie.

In 'n/

31. In 'n latere saak in die appèlhof van Kanada,

naamlik, Astro Tire & Rubber Co of Canada Ltd v Western

Assurance Co (1979) 97 D L R (3d) 515 het die hof te

doen gehad met 'n uitsonderingsvoorwaarde wat gelui

het: "While the person insured is under the influence of intoxicants, narcotics or anaesthetics."

Net soos in die onderhawige geval met klousule

1(i)(d) is dit voorafgegaan met die woorde "caused direct-ly or indirectly, wholly or in part." Die meerderheid van die hof het beslis dat die woord "cause" volgens sy primêre betekenis oorganklik is en inhou dat iemand of iets 'n ge-volg meebring of bewerkstellig. In die konteks dui dit

op 'n noodsaaklike verband tussen die toestand van onder

die invloed van drank

wees/

32. wees en die ongeval. Die hof het te kenne gegee dat

die bewoording en samestelling van die gehele uit-

sonderingsvoorwaarde in die laasgenoemde saak anders , was en daardie saak dus

onderskeibaar is. In al hierdie sake waarna verwys is, het die hof in wese hulle grootliks bepaal tot 'n letterknegtelike vertolking van die betrokke uitsonderingsvoorwaardes. Hoe dit ook al sy, die feit bly staan dat indien die woorde in klousule 1(i)(d) hulle gewone en alledaagse betekenis gegee word, "terwyl" 'n tyd betekenisinhoud het en dui op 'n tydsduur. Soos reeds aangetoon deur mnr Doctor gee dit aan klousule 1(i)(d) 'n betekenis wat lei tot 'n gevolg wat absurd, onbestaanbaar en teen-

strydig/

33. strydig is. Soos ons reeds gesien het is die hof

in so 'n geval geregverdig om die letterlike betekenis

van die woorde wat gebruik word te wysig om gevolg

te gee aan die bedoeling van die partye. Nnr Doctor

het in oorweging gegee dat 'n beperkende vertolking

aan die woorde "strafreg oortree" gegee 'word. Indien dit aanvaar word, soos mnr Doctor betoog het, en myns

insiens moet dit as juis aanvaar word, dat volgens diegewone en alledaagse betekenis van die woorde die uit-

sonderingsvoorwaarde geld wanneer die strafreg oortreeword ongeag die tersaaklikheid, aard en omvang van dieoortreding, dan gaan dit nie veel verskil maak om ver-keersoortredings of nalatige oortredings uit te sluitnie of om die woorde "strafreg oortree" tot gemeenregte-

like/

34.

like misdade te beperk nie. Bowendien is daar niks

in die polis wat enige aanduiding gee dat die partye

so iets kon bedoel het nie.

Die wesenlike probleem waarmee ons dus te

kampe het is om 'n vertolking van die klousule te vind, wat die gewraakte gevolge uitskakel en tog die be-

doeling van die partye weergee. Dit kan gedoen word

deur vas te stel wat die partye in gedagte gehad het

toe hulle op die betrokke uitsonderingsvoorwaarde be-

sluit het. Soos hierbo aangetoon,het hulle met die

aangaan van die polisooreenkoms gekontrakteer ten op-

sigte van die gevaar en die risikoverskuiwing. In

klousule 1 van die uitsonderingsvoorwaarde het hulle

gehandel met gevaarsomstandighede of risiko-omstandig-

hede, aangeleenthede wat die risiko kan affektêr. Dit

35. is dus redelik om aan te neem dat dit hulle bedoeling

was dat oortreding van die strafreg van so 'n aard en

omvang moet wees dat dit die risiko kan affekteer. Om

die risiko te kan affekteer moet daar gevolglik 'n

verband tussen die oortreding van die strafreg en die

dood of ongeskiktheid wees. In welke mate die verband 'n

besondere graad van oorsaaklikheid moet toon hoef nie in hierdie saakbeslis te word nie want dit is heel duidelik op die

feite van hierdie saak dat daar nie alleen 'n oorsaaklikeverband tussen die oortreding van die strafreg deur dieversekerde en die ongeval was nie maar dat die genoemdeoortreding ook die onmiddellike oorsaak van die ongevalwas wat gelei het tot die versekerde se dood.

Die posisie in die Verenigde State van Amerika

blyk/

36. blyk uit die saak van Travelers Protective Association

of America v Prinsen (1933) vol 219 U S 576 op bladsye

582 en 583, 'n saak waar die uitsonderingsvoorwaarde

die versekeraar se aanspreeklikheid uitgesluit het

"when a member is participating in the moving

or transportation of gunpowder, dynamite or otherexplosive substance or substances." Volgens regterCardozo is daar beslissings in howe van hoe gesagdat waar uitsonderings in polisse op 'n tydsduur berus'n oorsaaklike verband tussen die verbode vorme vangedrag en die besering of dood nie nodig is nie. Ter-wyl die verbode gedrag voortduur is die polis opgeskortasof dit nooit van krag was nie. Ander howe gee weervoorkoor aan die opvatting dat, om 'n opskorting van die polis/.....

37. polis te veroorsaak, daar 'n verergering van die gevaar

waaraan die besering of dood toegeskryf word moet wees.

Die geleerde Regter verklaar dan voorts op bladsy 583,: ,

"In that aspect the insurer might be liable if the

insured had fallen from the box while asleep or in-attentive, the dynamite caps remaining unexploded

in the truck. So, policies excluding liability whilethe assured is doing an act in violation of the lawhave been read as directed to acts that aggravatethe danger, with the result that liability is unaffected by violation of the Sunday laws or of lawsagainst profanity."

Die hof het uiteindelik tot die gevolg-

trekking gekom dat die polis opgeskort was deur die

verergering/ 38.v erergering van die gevaar toe die ongeval plaas-

gevind het.

Die posisie in die Amerikaanse reg word

die beste opgesom in American Jurisprudence tweede uitgawe

vol 44 bladsy 87 paragraaf 1241, waar daar verwys word na beslissings in verskillende State wat betrekking het op die uitsonderingsvoorwaarde "While he was violating the law" of "While he was engaged in any violation of law." In 'n aantal sake was die standpunt ingeneem dat die besering of dood die gevolg van die regsoortreding moes gewees het om die versekeraar van aanspreeklikheid te onthef. In ander weer was die standpunt op verskillende maniere gestel, naamlik dat die vereiste van 'n oorsaaklike verband nagekom is as die/ 39.

die regsoortreding die onmiddellike oorsaak, of die oorsaak, of 'n spesifieke oorsaak van die versekerdese besering of dood was, of die gevolg of die direkte of natuurlike gevolg van die regsoortreding deur die versekerde was. In American Law Reports, Annotated, vol 166 bladsye 1137 - 1139 word daar ook verwys na die houding van die hofe in die verskillende State. Dit blyk daaruit dat hulle almal 'n oorsaaklike verband vereis by hierdie betrokke soort uitsonderingsvoorwaarde om aanspreeklikheid uit te sluit maar dat daar nie een-stemmigheid is oor welke mate 'n oorsaaklike verband nodig is nie. Op bladsye 1137 - 1138, word daar verwys na 'n gewysde waarin die motivering vir die vereiste van 'n oorsaaklike verband voorkom. Die standpunt van die

hof/

40. hof is as volg:

"it could not be supposed that the

insured in accepting an accident policy exempting the insurer from liability for injuries or death while being engaged in any unlawful or vicious act contemplated of as embraced therein injury or death while he should be engaged in an act which would not increase the risk, and between which and the injury or death there would be no causative connection; but that it must be presumed that he contemplated only acts by which the risk would be increased, and to the doing of which the injury or death could be attributed as a reasonable consequence".

Die hof gaan dan voort om hierdie standpunt

met 'n voorbeeld toe te lig.

"Many deaths from accidental causes of insured persons while engaged in unlawful acts may be supposed where there would be no reasonable ground for concluding that the insured, in accepting a policy containing such an exception, contemplated the loss of the indemnity contracted for if his death should be so caused.

If/

41.

If such an insured person should be killed by a tile blown from a house top while he was unlawfully traveling on Sunday, or if he should be accidentally shot while violating a law against profanity, or while unlawfully engaged in seining, it could not be claimed reasonably that such a death was within the exception But the parties make their contract, and such an exception should not be refined away by

the Court to the extent of making a different contract for the parties. A reasonable conclusion as to the intention of the parties should be sought While the unlawful act of the insured must tend, in the natural line of causation, to his death, in order to work a forfeiture, it is not necessary that the act should be the direct cause, nor that the precise consequences which actually followed should have been foreseen. It is enough if the act is unlawful in itself, and the consequences flowing from it are such as might have been reasonably expected to happen, for in such a case the ultimate result is traced back to the original, proximate cause."

42.

Hierdie verwysings toon dat van die Amerikaanse hoër ook 'n beperkende vertolking gebruik om die gewraakte gevolge wat moontlik is in 'n uitsonderingsvoorwaarde soos die vervat in klousule 1(i)(d), uit te skakel. Dit dien miskien hier gemeld te word dat ons in die onderhawige saak te doen het met die uitlê van 'n kontrak in die lig van die reëls van ons eie reg en nie geskonde is deur die beskouings van die Engelse of Amerikaanse reg nie. Met die vereiste dat die oortreding van die strafreg van so 'n aard en omvang moet wees dat dit die risiko kan affekteer, word daar gevolg gegee aan die bedoeling van die partye en die gewone en alledaagse betekenis van die woorde "strafreg oortree" word slegs

so/

43. so beperk dat dit die moontlikheid van die gewraakte gevolg uitskakel.

Mnr Doctor het sy voorbeeld van wat in

die gedagtes van 'n persoon wat die polis uitneem

omgaan gebruik om so 'n beperkende betekenis aan die

woorde "strafreg oortree" te gee dat nalatigheid aandie kant van die versekerde nie daaronder val nie.

Indien daar bloot na die omskrywing van ongeval in die polis gekyk word dan is die versekerde geregtig om te dink dat hy gedek word ten opsigte van so 'n ongeval. Vanweë die betekenis en aard van 'n ongeval in die versekeringsreg het nalatigheid aandie kant van die versekerde nie die gevolg dat diebetrokke voorval wat besering of dood veroorsaak

44.

nie meer 'n ongeval is nie: kyk Griessel N 0 vS A Myn en Algemene Assuransie (Edms) Bpk 1952 (4)S A 473 (T) op bladsy 477; Gordon and Getz (op.cit) bladsy 452; Marcel Beller Ltd v Hayden 1978(3)All ER 111 (QB) op bladsy 116. Dit is dus slegs die betekenis en aard van die voorval ten opsigte waarvan die polis uitgeneem word wat so 'n indruk kan skep. Die versekerde het egter ook in die polis-ooreenkoms uitdruklik ooreengekom ten opsigte van die uitsonderingsvoorwaardes wat die aanspreeklikheid van die versekeraar uitsluit waar die besering of dood veroorsaak is terwyl die versekerde die strafreg oortree. As daar dus 'n oorsaaklike verband tussen die oortreding en die besering of dood is dan het die

versekerde/

45. versekerde geen verhaal onder die polis nie. Die

gewone en alledaagse betekenis van strafreg oortree

lewer geen probleme op nie. Indien die versekerde

se nalatige handeling dus sou neerkom op 'n oortreding

van die strafreg en dit 'n verband met die besering of dood het dan het die versekerde geen verhaal nie. In-

dien sy nalatige handeling nie hieronder val nie dan

het hy nog sy dekking onder die polis ondanks sy nalatigheid. Daar is niks in die polis self wat dit nodig

maak om van die gewone en alledaagse betekenis van die

woorde "strafreg oortree" af te wyk nie. Dit kan ook

nie met enige regverdiging betoog word dat versekering onder die polis verydel word indien daar nie afgewyk word van die gewone en alledaagse betekenis van die betrokke/

46. betrokke woorde nie. In hierdie verband moet dit beklemtoon word dat ons nie hier te doen het met 'n motorversekeringspolis waarin aanspreeklikheid

van die versekerde verseker word nie. In sulke gevalle is die groot oorweging van die versekerde by die uitneem van die polis die gevaar van aanspreeklikheid as gevolg van die versekerde se nalatigheid.

In ons howe was daar nog net een saak naam-lik Niemand v African Life Assurance Society Ltd 1969 (3) SA 259 (C) waarin ondersoek ingestel is na die betekenis van die woorde "in violation of any law" in 'n uitsonderingsvoorwaarde. Die hof het beslis dat volgens hulle gewone en alledaagse betekenis hulle oortreding van 'n padverkeerordonnansie wat as volg lui insluit/ 47. insluit:

"any person who drives a vehicle on a public road -

(a) recklessly or negligently (or)

(c) at a speed or in a manner which is dangerous to the public shall

be guilty of an offence."

Dit was nie in daardie hof betoog dat so 'n vertolking die versekering onder die polis sal verydel

Die hof is verwys na sake soos Tinline vWhite Cross Insurance 1921 (3) K B 327 en James vBritish General Insurance Company Ltd 1927 (2) K B311 wat beide gehandel het met polisse waar spesifiekversekering verkry is teen aanspreeklikheid vir

besering/

48.

besering of skade as gevolg van 'n ongeluk wat gebeur terwyl die versekerde sy motorkar bestuur. Daar was geen uitsonderingsvoorwaardes in die polisse nie en aangesien die versekerde se handeling wat die ongeval veroorsaak het, neergekom het op 'n misdaad omdat hy 'n statutêre oortreding gepleeg het, het die versekeraar die standpunte geneem dat dit teen die openbare belang sou wees om hom toe te laat om onder die polis te verhaal en dus voordeel te trek uit sy misdaad. Hierdie sake en die ander waarna mnr Doctor verwys het, het hulle eie probleme gehad wat nie eensins help om sy betoog te steun nie.

49.

Die appellant het die onderhawige polisa aangegaan en toegestem tot al die bepalinge en tensy uit die bepalinge van die polis aangetoon kan word dat die partye nie die bedoeling gehad het om alle oortredings van die strafreg soos dit algemeen verstaan word in die uitsonderingsvoorwaarde in te sluit nie, moet gevolg gegee word aan die voorwaarde.

Onder al die omstandighede kan dit nie gesê word dat die verhoorhof se beslissing verkeerd was nie.

Die appèl word gevolglik van die hand gewys met koste wat die koste van twee advokate insluit.

APPÉLREGTER

Trengove AR) stem saam Hefer AR) MARTHINUS JOHANNES LOURENS N O
Appellante COLONIAL MUTUAL LIFE ASSURANCE Respondent

SOCIETY LIMITED

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÉLAPDELING) In die saak tussen: MARTHINUS JOHANNES LOURENS N O Appellant

SOCIETY LIMITED Coram: Jansen, Kotzé, Trengove, Hefer et Boshoff, ARR Verhoor: 10 September 1985

Gelewer: 25 Februarie 1986

UITSPRAAK Kotzé, AR : Hoewel ek die voordeel van insae in die uitspraak van BOSHOFF A R gehad het, het ek nogtans tot

die /2

-2-

die teenoorgestelde slotsom gekom. Ek sal trag om dieredens vir my benadering bondig te stel.

Die basiese voordeel onder die polis bepaal dat die versekerde bedrag van R30 000,00 betaalbaar is waarde die dood van die versekerde binne negentig dae ingetree het na liggaamlike besering wat alleenlik en regstreeks veroorsaak is deur gewelddadige, uitwendige en sigbare ongeluk. Dit was by die verhoor gemeensaak dat die versekerde se dood aldus veroorsaak is. In die

afwesigheid van 'n paslike uitsonderingsvoorwaarde geld hierdie vorm van dekking selfs waar die betrokke ongeluk deur die ver-sekerde se eie nalatigheid veroorsaak is (vgl. Cornish v Accidental Insurance Co (1883) 23 Q B D 453 op 457).

Die /3-3- Die respondent beroep sigself wel op 'n uitsonderingsvoorwaarde (hierna "die uitsondering" genoem) wat bepaal dat die voordele betaalbaar onder die polis niedood omvat of dek wat

"uitsluitlik of gedeeltelik, regstreeks of onreg- streeks veroorsaak is ... terwyl die Versekerde Lewe die strafreg oortree behoudens en behalwe enige optrede wat 'n oortreding is slegs omdat dit 'n skending uitmaak van die reëls met betrek- king tot die diensvoorwaardes van die Versekerde Lewe."

Die fundamentele, en by ooreenkoms enigste, vraag wat beantwoord moet word is of oortredings van die

Padverkeerordonnansie.../4

Padverkeerordonnansie of Padverkeerregulasies, oortredings van die strafreg soos bedoel deur die uitsondering uit-maak en derhalwe die respondent van aanspreeklikheid onthef.

Met betrekking tot die uitspraak van VIVIER Rin die Hof a quo - gerapporteer te 1984(2) S A 80 - isek dit eens met die mening en met die redes daarvoor {84 D-G} dat die woord "terwyl" in die uitsondering nie 'n kousale verband vereis tussen die dood en die strafreg-telike oortreding maar slegs dat dit intree gedurende die tyd dat die oortreding geskied. Maar, met eerbied, kan ek nie saamstem dat aan die woord "strafreg" sy "gewone, alledaagse betekenis" van "enige kriminele oortreding"

(emfase /5-5-(emfase aangebring) geheg moet word nie (87 E-F). So'n vertolking het absurde konsekwensies tot gevolg. Ek volstaan met slegs 'n paar treffende voorbeelde verstrekkend deur die appellant se advokaat tydens sy betoog: waardie dood bv intree wanneer die versekerde te voet 'n straat oorsteek en omgery word terwyl hy in gebreke is met die betaling van sy televisielisensie of nadat di tyd op die parkeermeter waar sy voertuig staan reeds verstryk het of terwyl sy voertuig op 'n verbode plekkie geparkeer staan of terwyl hy meer as die veroorloofde krewes of oesters in sy besit het. Dit is ondenkbaar dat dit die bedoeling van die partye tot die kontrak van versekering kon gewees het dat die dekking in hierdie

omstandighede /6

-6- omstandighede uitgesluit word.

Wanneer letterlike uitleg van 'n uitsonderings-voorwaarde in 'n polis van versekering absurde konsekwensies tot gevolg sal hê, is dit die taak van die Hof om die ab-surditeit uit te skakel en so die juiste vertolking te bepaal. Een van die redes waarom die hof so 'n benadering volg is dat die doel van uitsonderingsvoorwaarde is om aanspreeklikheid te vermy of te beperk. In so'n geval, om die bewoording in 'n Engelse saak aan te haal,

"one must see if this stipulation ... is introduced by way of exception ... and if so, we must take care not to give it an extension beyond what is fairly necessary, because those

who /7

-7- who wish to introduce words in a contract in order to shield themselves ought to do so

in clear words." (Per BOWEN L J in *Burton and Co v English and Co* (1883) 12 Q B D 218 op222). Hierdie benadering is gegrond op twee reëls nl die contraproferentem reël (verba chartarum fortius accipiuntur contra proferentem) en die reël dat die verassureerde begunstig behoort te word. In *Price and another v Incorporated General Insurances Ltd*, 1983(1) S A 311 (A) op 315G- 316B - waar die betekenis van 'n uitsonderings-voorwaarde in 'n polis dat "the company shall not be liable for ... any item of jewellery ... unless such item is in

a /8-8-a locked safe while not being worn or used" ter sprake was - stel WESSEL A R die posisie as volg:

"It was laid down by this Court in *French Hair-*

dressing Saloons Ltd v National Employers Mutual

General Insurance Association Ltd 1931 A D 60 at 65 that 'it is an accepted principle in interpreting insurance contracts that it is the duty of the insurer to make it clear what particular risks he wishes to exclude'. In *Kliptown Clothing Industries (Pty) Ltd v Marine and Trade Insurance Co of S A Ltd* 1961(1) S A 103 (A) SCHREINER J A stated the following at 108B-C in regard to the interpretation of

insurance /9

-9- insurance contracts: 'I conclude therefore that the contraproferentem rule and the rule that the assured should be favoured ought to be taken into account wherever there is a real and not a manufactured difficulty in ascertaining the true interpretation of the condition, whether that difficulty is apparent on the face of the policy or is only made to appear when it is sought to apply the condition to the facts.' In my opinion, the defendant has failed in its duty to make it clear what particular risks it wished to exclude. I have already

pointed /10

-10- pointed out earlier in this judgment that accidental loss may conceivably occur while a ring

is being transferred from the finger to the safe

or vice versa. A jewel-encrusted gold cigarette-

lighter is used to light a cigarette. Does the condition in question mean that, each time it has been used to light a cigarette, it must forthwith be returned to a locked safe? I conclude, therefore, that the contra proferentem rule and the rule that the assured should be favoured ought to be taken into account in ascertaining the true interpretation of the condition in question."

Ek /11

-11-

Ek het hierbo aangedui dat, in die afwesigheid van 'n geldige uitsondering, die basiese voordeel beoog dat die versekerde bedrag betaal sal word selfs waar die betrokke ongeluk gewyt kan word aan die versekerde se eienalatigheid. In die geval van 'n polis van die aard wat hier te sprake is, kan aanvaar word dat die versekerde o.a. vrywaring verlang teen sy eie onbesonne of nalatige optrede wat 'n ongeluk tot gevolg mag hê. Die uitleg van die uitsondering en meegaande uitskakeling van ab-surditeite moet teen hierdie agtergrond geskied. Aldus benader, is dit heeltemal duidelik dat, indien die uitsondering enige kriminele oortreding behels, die gevolg

- indie woorde van LORD GREEN M R in Woolfall and Rimmer, Ltd

v Moyle /12

-12- v Moyle (1942) 1 K B 66 (C A) op bl 72, - sou wees "... to exclude from the scope of the indemnity which the policy purports to give a very large and important class of case which in the body of the policy is expressed to fall within it." En dan volg 'n riglyn wat myns insiens, in 'n geval soos die onderhawige, die billike is:

"It is true that the document must be read as a whole, and that wide and comprehensive words of obligation imposed on the underwriters in the body of the policy may be cut down by subsequent clauses in the document, but ... I consider that a policy of this kind is not to be approached

with /13

-13- with the idea that a large part of the benefit of the insurance, which any employers would obviously wish to get, and which is at the outset given in wide terms, is to be eliminated by a 'condition' tucked away at the end of the policy in the context in which this condition is found ...". (Op 72-73)

My ampsbroer BOSHOPF aanvaar dat 'n wysiging van die letterlike betekenis van die uitsondering onvermydelik is en kom tot die besluit dat oortreding van diestrafreg op so 'n wyse uitgelê behoort te word dat dit slaan op 'n oortreding wat die risiko affekteer in die sin dat

daar /14 -14- daar 'n verband tussen die oortreding en die dood moet wees. So 'n uitleg steun juis op 'n kousale verband van een of ander aard tussen die oortreding en die dood en weersprek die woord "terwyl" wat nie ruimte laat vir die kousale element nie. Dit is in hoofsaak die rede waarom ek met eerbied nie met my ampsbroeder se benadering kan saamgaan nie. Die vraag ontstaan gevolglik wat die ware uitleg ("true interpretation") van die uitsondering is. In hul volledige betoel het die advokate ons aandag gevestig op gesag in lande oorsee wat tot 'n mate te doen het met die

soortprobleem wat hier te sprake is maar m i behoort gemeldegesag onderskei te word en bied dit nie hulp by die ver-tolking van die uitsondering nie. Aan die een kant is

daar /14(a)-14(a)-daar sake soos Loudon v British Merchants InsuranceCompany Limited, Absalom v United Insurance Company Limited, Givens v Baloise Marine Insurance Co Limited, Astro Tire and Rubber Co of Canada Ltd v Western Assurance Co en Travellers Protective Association of America v Prinsen (aangehaal deur BOSHOFF A R in sy uitspraak) wat betrekking het op omskrewe uitsonderings wat bvbeperk word tot beserings opgedoen terwyl die invloed van drank, verdowingsmiddels ens geld of terwyl plofstowwe

vervoer word. Hierdie gevalle verskil van die onderKawige

een in soverre dat hulle nie naasteby die absurde konse-kwensies tot gevolg het wat die uitsondering kenmerk nie. Daarenteen is daar sake soos Crown Life Insurance Co v

Milligan /14 (b) -14(b)-Milligan en Robinson v L'Union St Joseph du Canada (aangehaal deur VIVIER R op 86 bo-E). Die basis van onderskeiding in hierdie gevalle is dat ofskoon die relevante uitsonder-ingsbepalings wyd gestel is en 'n beperkende uitleg ontvanghet, die bewoording heeltemal verskil van die bewoording van die uitsondering. Dit is dus duidelik dat die ware uitleg van die uitsondering op sy besondere bewoordingen ooreenkomstig die beginsels neergelê in Burton en Price sake (supra) en gesag waarna in gemelde sake verwys word behoort te geskied. Die respondent het die bewoor-ding van die uitsondering bepaal en het deur gebruik te maak van die woord "strafreg", wat 'n wye betekenis het, sy plig versuim om op duidelike

wyse /15 wyse te omskryf hoe sy aanspreeklikheid beperk word. Ge-volglik vereis die contra proferentem reël en die reël dat die verassureerde begunstig behoort te word dat daar aan die woord strafreg nie 'n wye onbeperkte betekenis gegee word nie. Die uitdrukking "die strafreg oortree" behels in wye sin oortredings van die gemene reg sowel as die wettereg. In engere sin kan dit redelikerwys beperk word tot die gemene reg. Na my mening behoort aan gemelde uitdrukking die betekenis gegee te word van "die gemeen-regtelike strafreg". Op hierdie manier word oortredings van die wettereg, wat talle beuselagtige oortredings behels sowel as talle absurditeite uitgeskakel en wat dan getref word deur die uitsondering is grotendeels ernstige oortredings. Hierdie uitleg strook met die

reëls /16 -16- reëls hierbo vermeld en verbied ook 'n verwatering van die basiese voordeel deur beskerming te bied teen wat 'n ver-sekerde in die reël van 'n ongevalle versekeraar verwag n l sy eie onbesonne of nalatige optrede.

Die uitsondering bevat 'n uitsondering van sy eie nl "behoudens en behalwe enige optrede wat 'n oortreding is slegs omdat dit 'n skending uitmaak van die reëls met betrekking tot die diensvoorwaardes van die Versekerde Lewe." Die saakstukke bevat hooftsaak en geen aanduiding hoe hierdie deel van die uitsondering in verband gebring word met 'n oortreding van die strafreg nie. Die geleerde Regter in die Hof a quo beskou hierdie bepaling as

" ... 'n aanduiding dat alle oortredings van

die /17 -17-die strafreg inbegrepe is" (87F-G). Na my mening is hierdie bepaling gans te vaag om so 'nafleiding te regverdig. Weens die vaagheid daarvan isdit byna betekenisloos en, na my mening, nie aanwendbaar as 'n middel om die onduidelikheid, waarvoor die respondentas opsteller van die polis verantwoordelik is, uit dieweg te ruim nie. Die geskiedkundige agtergrond van dieuitsondering blyk ook nie uit die saakstukke nie. Ditis moontlik dat dit sy oorsprong in die verre verledekon gehad het toe boetes en straf ("fine and punishment")kragtens die gemene reg aan werknemers wat hul verpligtingeversaak het,opgelê kon word. (Vgl Spencer v Gostelow, 1920 AD 617 op 640). Hierdie moontlikheid berus weliswaar

op /18

-18- op blote bespiegeling maar verdien nogtans vermeldingom nadruk te lê op die gevare verbonde aan die maakvan afleidings uit duistere en onduidelike bepalings van 'n polis van versekering.

My gevolgtrekking is dus dat die woord "strafreg" in die uitsondering 'n verwysing na die gemeenregtelikestrafreg is en gevolglik dat die oortredings wat die ver-sekerde volgens die bevinding van VIVIER R gepleeg het(83H-84A) nie deur die uitsondering behels word nie.Ek sou derhalwe die appèl handhaaf met koste en die bevelin die Hof a quo vervang met 'n bevel dat die verweerder(respondent) aan die eiser (appellant) 'n bedrag van R30 000,00tesame met rente ten bedrae van 11 per centum per annum

a /19

-19-a tempore morae tot op datum van betaling met gedingkostebetaal.

APPÉLREGTERJANSEN AR) stem saam

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1986/1.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/lourens-no-v-colonial-unknown-topic-asca-1986>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria